

1 Desember

Psalm 30

(Teks: 30: 6b (1953 Vertaling)) Trane, maar ook gejuig in die Here

Afwisseling is lewensnoodsaaklik. Daarsonder verval die lewe in 'n sleurgang. Absolute eentonigheid sonder enige onderbreking is sekerlik een van die dodelikste vyande van alle lewe.

In Psalm 30 juig Dawid oor die gesondheid wat die HERE hom geskenk het, blykbaar na ernstige siekte. Saans vernag die geweene, maar smôrens is daar gejuig; dit wil sê trane in die aand, maar juigkrete in die oggend!

Ook ons Here moes eers aan die kruis hang voor Hy aan die regterkant van die troon kon gaan sit. Die mensemoordenaar het egter eers die plesier aan Adam en Eva gebied, daarna het berou en dood gevolg.

In God se ryk is daar die ritme van afwisseling, sonder eentonigheid. Dieselfde kan ongelukkig ook van die Satan se ryk gesê word.

Watter ritme is oorwegend kenmerkend van ons lewe, God s'n of dié van die Satan?

Harde werk en moontlik trane saans, maar die volgende oggend gejuig oor welverdiende sukses; óf lyfwegsteek en partytjehou saans, maar die volgende oggend treurige mislukking en folterende hoofpyn? 'n Stil en kalm Sondag in die kerk en rustigheid by die huis en dan 'n geen-probleem-Maandag; óf 'n dol en doellose Sondag op die plesier-plekke en dan 'n blouer as blou Maandag?

Onthou: Die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig. Ook in ons lewensritme as gelowiges geld altyd ons Here se wil.

Sing Psalm 30:3 en 8 of Psalm 66:7 Dr. I.L. Bekker (Die Moot)